UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

POSBESKRYWING: FAKULTEITSDEKAAN

ALGEMEEN

1. Die Dekaan is die uitvoerende hoof van die betrokke fakulteit en as akademiese leier verantwoordelik vir die strategiese posisionering en nastreef van strategiese doelwitte soos afgelei uit Visie 2012, die Strategiese Raamwerk en die US sakeplan. Die suksesvolle voldoening hieraan vereis die gepaste diensverskaffing deur die relevante Steundiensomgewings. Die uitoefening van leierskap en bestuurs-verantwoordelikheid sluit in om:

1.1 die fakulteit te posisioneer binne die nasionale onderwysbeleid;

1.2 die fakulteit te posisioneer binne die US se kernbesigheid met betrekking tot navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie;

1.3 ‘n sakeplan vir die fakulteit op te stel en ‘n proses te fasiliteer om, in oorleg met die bestuur van die akademiese departemente en sentra, aksieplanne in werking te stel waardeur die fakulteit se bydrae tot realisering van die US se strategiese doelwitte bewerkstellig kan word;

1.4 die bereiking van die finansiële bedryfsteiken van die fakulteit;

1.5 die bemarking van die fakulteit nasionaal en internasionaal; en

1.6 die versekering van die welwees van personeel en van studente.

ONDERRIG EN LEER

2. Die Dekaan, in oorleg met die Viserektor (Onderrig) en met die ondersteuning van die diensafdelings wat aan dié Viserektor rapporteer, is verantwoordelik vir die effektiewe en korrek gefokusde implementering van die US se onderrig- en leerbeleid en -strategie in die fakulteit en om die nodige strukture in werking te stel wat sal verseker dat die akademiese aanbod van die fakulteit relevant en van hoë gehalte is. Meer spesifiek behels dit die bestuur van die volgende:

2.1 oorhoofse beplanning, ontwikkeling, vernuwing en wysiging van akademiese programme ter versekering van sinvolle akademiese uitkomste, gehalte, doeltreffendheid en finansiële lewensvatbaarheid, en verkryging van die nodige goedkeuring deur die Fakulteitsraad, die Akademiese Beplanningskomitee en die Senaat;

2.2 die proses van programakkreditasie;

2.3 die optimalisering van die deurvloeikoers van voor-en nagraadse studente;

2.4 die fakulteit se Komitee vir Leer en Onderrig asook die programkomitees;

2.5 eksterne evaluering (in ‘n siklus soos van tyd tot tyd bepaal) van alle departemente van die fakulteit; en

2.6 toelating van studente met 'n redelike suksespotensiaal.

NAVORSING, INNOVASIE EN KOMMERSIALISERING VAN DIE KUNDIGHEIDSBASIS VAN DIE US

3. Die Dekaan, in oorleg met dié Viserektor (Navorsing) en die Senior Direkteur: Navorsingsontwikkeling of sy/haar gedelegeerde, en met die ondersteuning van die diensafdelings wat aan genoemde funksionarisse rapporteer, is verantwoordelik vir die effektiewe en toepaslike implementering van die US se navorsingsbeleid en -strategie in die fakulteit en om die nodige strukture in werking te stel wat sal verseker dat die navorsing in die fakulteit relevant en van hoë gehalte is. Meer spesifiek behels dit die bestuur van onder meer die volgende:

3.1 die vestiging van ‘n gesonde navorsingskultuur in die fakulteit;

3.2 die inisiëring en bevordering van eties verantwoordbare navorsing van gehalte en die verhoging van navorsingsuitsette;

3.3 die oorhoofse bestuur van die fakulteit se navorsingsportefeulje, onder andere ter nastrewing van die geldende navorsingsfokusareas;

3.4 toesig oor die hantering van binne- en buitefondse ter finansiering van navorsing en die nakoming van verantwoordelikhede in dié verband;

3.5 die goedkeuring of aanbeveling binne delegasiebevoegdheid van navorsingskontrakte;

3.6 die hulp met die vestiging van jong navorsers; en

3.7 die vestiging van ’n gesonde innovasie en kommersialiseringskultuur in die fakulteit.

DIENS AAN DIE GEMEENSKAP

4. Die Dekaan is, met verwysing na die Gemeenskapsinteraksiebeleid en -plan en met die ondersteuning van die diensafdelings wat aan die Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) rapporteer, verantwoordelik vir:

4.1 die bestuur van diens aan die gemeenskap as ‘n geïntegreerde deel van die onderrig- en navorsingsaktiwiteite van die fakulteit; en

4.2 die skepping en instandhouding van die nodige strukture in die fakulteit waardeur effektiewe en relevante diens aan die gemeenskap gelewer kan word.

PERSONEEL

5. Die Dekaan, in oorleg met die Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) en die Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne of sy/haar gedelegeerde, is verantwoordelik vir die effektiewe implementering van die US se menslike hulpbronneplan en –strategie. In hierdie verband is die Dekaan verantwoordelik vir die bestuur van of die uitvoering van aksies en prosesse met die oog op onder meer die volgende:

5.1 die handhawing van aanvaarde prestasiestandaarde en, sover prakties moontlik, die nakoming van diensvoorwaardes en werksooreenkomste van alle personeel binne die fakulteit;

5.2 die bevordering en handhawing van gesonde persoonlike en professionele verhoudinge tussen personeel en tussen personeel en kliënte;

5.3 die kundigheidsontwikkeling van personeel;

5.4 die bevordering van diensbillikheid en doelwitte wat daarmee verband hou;

5.5 die opstel en byhou van ‘n rollende driejaar personeelplan;

5.6 die gepaste betrokkendheid en verwysing van arbeidsregtelike aangeleenthede, dissiplinêre prosesse en griewe;

5.7 die maak van aanbevelings oor toppresteerders in die Fakulteit om in aanmerking te kom vir die Rektor se Toekenning vir Voortreflike Onderrig, die Rektor se Toekenning vir Voortreflike Navorsing en die Rektor se Toekenning vir Voortreflike Dienslewering;

5.8 aanbevelings ten opsigte van die vulling van poste en die bevordering van personeel aan die betrokke besluitnemingsinstansie; en

5.9 die verlening van toestemming aan personeellede om buitewerk te verrig.

FINANSIES

6. Met verwysing na die finansiële bestuursbeginsels en finansiële beleid van die US, sowel as die bedryfsbalans van die fakulteit is die Dekaan, met die ondersteuning van die Afdeling Finansies, verantwoordelik vir die effektiewe en deursigtige bestuur van die finansies van die fakulteit, met die volgende as sleutelkomponente:

6.1 bestuur van alle fondse en inkomste gegenereer en beskikbaar in die fakulteit;

6.2 opstel en byhou van sakeplan en rollende driejaar finansiële plan vir die fakulteit ten opsigte van alle inkomste (geldstrome) en fondse, waarvan die jaarlikse begroting deel vorm;

6.3 opstel en ontwikkeling van vooruitskattings ten opsigte van derde geldstroom inkomstes vir die fakulteit;

6.4 die toedeling van alle inkomste en fondse aan omgewings binne die fakulteit, en die doeltreffende en reëlmatige aanwending daarvan;

6.5 bestuur en kontrolering van die jaarlikse begroting;

6.6 formulering van voorstelle vir die jaarlikse vasstelling van studiegelde en materiaalgelde vir die onderskeie akademiese programme;

6.7 die oorweging, prioritisering en aanbeveling van alle aansoeke om befondsing uit die Strategiese Fonds; en

6.8 verslagdoening oor die verkryging, aanwending en stand van inkomste en fondse waaroor die fakulteit beskik.

INFRASTRUKTUUR EN ANDER BATES

7. Die Dekaan is, met die ondersteuning van die toepaslike steundiensomgewings, verantwoordelik vir:

7.1 die effektiewe bestuur (benutting en instandhouding) van die infrastruktuur en ander bates van die fakulteit.

STUDENTE

8. Die dekaan is, met die ondersteuning van die toepaslike steundiensomgewings, verantwoordelik vir die bestuur van of die uitvoering van aksies en prosesse met die oog op:

8.1 die werwing en behoud van nuwe studente ooreenkomstig die inskrywings-beplanningsdoelwitte van die US;

8.2 die verwelkoming van nuweling studente en hul oriëntering met betrekking tot die aktiwiteite van die fakulteit;

8.3 die bevordering van suksesvolle studentestudies;

8.4 die bevordering van die US se waardestelsels; en

8.5 die skep en instandhouding van effektiewe kommunikasie met studente.

VERSKAFFING VAN INLIGTING

9. Die dekaan is verantwoordelik met die ondersteuning van Institusionele Beplanning vir:

9.1 die verskaffing van spesifieke inligting, wat nie reeds in die US se sentrale databasisse bestaan nie, en wat van tyd tot tyd benodig word vir die oorhoofse bestuur van die US; en

9.2 periodieke verslagdoening oor die bedrywighede van die fakulteit en personeel en die wyse waarop finansies en fasiliteite verkry en aangewend is.

BEVOEGDHEDE

10. Die Dekaan beskik oor die volgende bevoegdhede:

10.1 Die Dekaan is lid van die Senaat en van die Uitvoerende Komitee van die Senaat. Die Dekaan kan ook, as lid van die Senaat, verkies word tot een of meer van die vaste komitees van die Raad en die Senaat.

10.2 Die Dekaan is die voorsitter en die hoofuitvoerende gesag van die Fakulteitsraad en van die Fakulteitskomitee van die Fakulteitsraad (waar dit in ‘n bepaalde fakulteit bestaan). As hoofuitvoerende beampte van die fakulteit dra die Dekaan die finale verantwoordelikheid vir gedelegeerde bestuursbesluite met afhandelings-bevoegdheid binne die fakulteit.

10.3 Die Dekaan is aanspreeklik teenoor die Rektor met die Viserektor (Onderrig) wat die gedelegeerde koördinerende bevoegdheid namens die Rektor uitoefen. Met betrekking tot die funksionele verantwoordelikheid rapporteer die Dekaan aan die Rektor se Bestuurspan. Die Rektor se Bestuurspan word vir hierdie doeleindes gedefinieer soos in die Statuut en goedgekeur deur die Raad.

10.4 Die Dekaan of sy/haar gedelegeerde is voorsitter van alle subkomitees van die ASK(S) ten opsigte van die vulling van poste of die bevordering van akademiese personeel in die betrokke fakulteit. In hierdie verband ondersteun die Afdeling Menslike Hulpbronne die dekaan sodat die Universiteit se regulasies, riglyne en beleide ten opsigte van aanstellings en bevorderings nagekom word.

10.5 Die Dekaan mag funksies delegeer ooreenkomstig die organisatoriese model wat in die betrokke fakulteit van krag is en in terme van ‘n gedokumenteerde raamwerk van delegasies.

10.6 Die Dekaan sluit ‘n werksooreenkoms met die Viserektor (Onderrig) waarvolgens prestasie, beoordeel word.

10.7 Die Dekaan het, ten opsigte van beleid wat deur die Senaat en die Raad neergelê is, bestuursgesag oor alle personeel in die fakulteit. Hierdie bestuursgesag word uitgevoer ter verbetering van die fakulteit se prestasies ten opsigte van die strategiese bestuursaanwysers, soos ooreengekom in die dekaan se werksooreenkoms en vervat in die fakulteit se sakeplan.

AANSTELLING

11. Dekane word aangestel ingevolge die reglement vir die aanstelling van dekane.

Gefinaliseer deur VR(GI&P) en Jan Knight, in oorleg met Dekane 07 Junie 2006